verwysing. Dit strek van bladsy 1 tot 651. U edele die eerste getuie wat die staat in hierdie verband beoog om te lei is kaptein Coetzee wat die gesprekke wat op die transkripsie voorkom sal identifiseer. My geleerde vriend, advokaat Taute, sal die getuienis aanbied.

**JOHAN COETZEE**, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie, Afdeling Binnelandse Stabiliteit en gestasioneer te stabiliseringseenheid 16, Welkom, is dit reg? -- Dit is reg so ja.

Op 31 Mei 1992, dit is verlede jaar, was u afgedeel om diens te kom doen in Alexandra - dit is hier naby Johannesburg - en u is toe gestasioneer te Kew-basis K-E-W, is dit korrek? -- Ja, dit is reg.

U edele, voor ek verdere gaan. Ek is van plan om later aan 'n volgende bewysstuk in te kry, te wete die sakboekie van kaptein Coetzee. Ek het vir gemak intussen sekere uittreksels solank gefotostateer en dit beskikbaar gestel aan die verdediging en ek wil ook graag dit aan die hof doen, dat tydens die getuienisaflegging makliker kan verloop. U edele die sakboekie sal die staat dan vra met die hof se toestemming dat dit lateraan ontvang sal word as BEWYSSTUK 13. Kaptein, as u so vriendelik sal wees om na bladsy 12 van u sakboekie te blaai. Kaptein, tydens u afgedeelde diens hierso in Alexandra, het u vir u roepseine toegeken, kan u asseblief vir die hof sê wat u roepseine was? -- U edele, my roepsein was "Tango 2" gewees.

Sal u so vriendelik wees om vir my te blaai in u sakboekie na bladsy 28 en 29. Ek sien daar is 'n inskrywing in gemaak, boaan bladsy 29. "Vertrek na Welkom". Dit is gemaak op 15 Junie 1992. Kan u vir die hof sê wat die agtergrond is van

hierdie/...

hierdie inskrywing? -- U edele, daar was 'n aantal van ons lede, ek onder andere, ingesluit, wat hofsake in Welkom en Kroonstad onderskeidelik moes bywoon. As ek kan verduidelik: daar was van die lede wat op die 16de in Welkom in 'n hofsaak moes getuig en dan was ek en nog 'n paar ander lede wat op die 17de op Kroonstad, in 'n saak moes getuig het.

Kan u vir die hof sê miskien watse saak dit was, wie die beskuldigdes was, of 'n bietjie meer inligting gee, miskien 'n verwysing? -- Die saak waarin ek moes getuig was MR 59/10/91. Dit was 'n... (tussenbei)

HOF: MR hoeveel? MR? -- 59 U edele, van die 10de maand van 1991. Die beskuldigde was 'n mnr Dennis Bloom en Andere en dit het gegaan oor 'n openbare ooreenkoms of optog wat onwettig was. Die saak was ook in Kroonstad-hof, landdroshof gewees u edele.

MNR TAUTE: Wanneer was u toe nou weer vanuit die Vrystaat, weer na u basis, tydelike basis in Kew? -- Ek het die oggend van 18 Junie 1992, ongeveer nege-uur die oggend, teruggekeer vanaf Welkom. Ek was ongeveer twaalfuur die middag terug by die Kew-basis.

Van daar af, waarnatoe is u toe? -- Die skof waaroor ek toesig gehad het, het op daardie stadium ongeveer van twaalfuur, eenuur se kant aan diens gekom om diens te verrig en ons het ongeveer 14:00 vertrek na Vereeniging, om daar diens te doen.

Wat was die aard van u diens wat u daar gedoen het en waar het u diens gedoen? -- Die aard van ons diens was om onder andere eers daar te gaan help met 'n deursoeking by die KwaMadala Hostel en om verder daar te gaan help om die gebied te stabiliseer.

Sal u asseblief blaai na bladsy 30 tot 31 in die sakboekie? Hoeveel voertuie het onder u geressorteer en wat was hulle roepseine? -- U edele, op daardie stadium het ek 'n indeling gehad van ongeveer 14 voertuie wat onder my bevel geressorteer het.

Hoeveel van hierdie voertuie het 'n "Tango 2"-roepsein gehad, kan u net vinnig vir ons sê en net 'n aanduiding gee van watse voertuie dit was? -- Daar was vyf voertuie met 'n "Tango 2"-roepsein. Hulle was onder andere "Tango 2 Alfa", "Tango 2 Bravo", "Tango 2 Charlie", "Tango 2 Delta" en "Tango 2 Echo".

Kaptein, ek wil u graag verwys na BEWYSSTUK O2. Dit is 'n transkripsie gemaak van gesprekke oor die radio by ABS Vereeniging. As u vir my sal blaai na bladsy 28 volume 1. Volume 1 u edele, bladsy 28. Regs bo staan:

> "KASSET 2 IB".

U sal sien die derde lyntjie word ingelei deur die woorde

> "EERSTE PERSOON:"

wat onderstreep is. Dan lees ek hier, dan staan daar:

> "Kyk of jy vir my (onduidelik) kaptein Coetzee (onduidelik)."

En die volgende lyntjie:

> "TWEEDE PERSOON: Bevestig net vir my roepsein, Tango 2."

Maak hierdie gesprekke vir u sin, wat is u kommentaar daarop? Kan u miskien vir die hof sê wie hierdie persone, "kaptein Coetzee" is of die "Tango 2"? -- U edele, ek lei af hier met die derde reël wat:

> "Kyk of jy vir my (onduidelik) kaptein Coetzee (onduidelik)"

wat onduidelik is, dat dit is ek wat na verwys word.

Van/...

Van hoeveel kapteins Coetzee weet u wat op die stadium bedrywig was in die area, of hoeveel Tango 2's roepseine? -- Ek was net van myself bewus u edele.

Kan u asseblief blaai na bladsy 29. Ek wil u spesifiek verwys na reël 10 - u sal sien die reëls is genommer aan die regterkant van die bladsy. U sal sien daar is 'n gesprek wat plaasvind tussen persone, skynbaar oor 'n radio. U sal sien dat dit onder andere in reël 10 die naam "KwaMadala hostel" genoem word. Is dit vir u moontlik om enige kommentaar ten opsigte van hierdie gesprek te gee? -- U edele, as ons na reël 2 kyk wat begin met -

"<u>EERSTE PERSOON</u>: Tango 2 Delta,..."

dan kan ek daaruit aflei dat dit een van my voertuie was wat daar geroep was en uit my sakboek uit, op bladsy 12, bladsy 12 onderaan, was "Tango 2 Delta" toegeken aan adjudant Labuschagne. Die tweede persoon is dan ook "Tango 2 Delta" wat antwoord, want hy praat van "Delta, stuur". Nadat dan hierdie eerste persoon vir hom gevra het om na KwaMadala Hostel te gaan en ook nadat hy gevra het of die adjudant 'n gids by hom het, dan vra die adjudant, hy is die tweede persoon:

"Jou roepsein?"

Hy wil bevestig wie stuur hom en toe antwoord die eerste persoon:

"Ja, 5 Kilo 1."

Wat ek dus aflei is dat "5 Kilo 1" vir "Tango 2 Delta" geroep het, wou vasstel of die adjudant 'n gids het en hom toe versoek het om na KwaMadala Hostel te gaan.

Is dit vir u enigsins moontlik om 'n datum te koppel aan hierdie gesprek uit u eie kennis? Of kom ek stel die vraag vir u só, sou dit, volgens u kennis, moontlik wees dat hierdie

gesprek/...

gesprek kon plaasvind op 17 Junie 1992? -- U edele nee, dit sou nie moontlik wees op 17 Junie 1992 nie, aangesien ek toe nog in Welkom was. As ek die transkripsie egter verder bestudeer, dan is daar punte wat ek kan uitwys, waarvolgens ek oortuig is, dat dit wel op die <u>18de</u> plaasgevind het.

U kan maar voortgaan. -- Op bladsy 28 van die transkripsies u edele, waar daar verwys word in die eerste persoon na kaptein Coetzee wat gesoek word. As ons kyk by die inskrywing van 19:51, omtrent die sewende reël. Die eerste persoon roep:

"Tango 2, Tango 2, Victor 0."

Dit is "Victor 0", die basis, wat na my roep.

<u>HOF</u>: Net so 'n oomblik asseblief. U sê dit is die basis wat na <u>u</u> roep? -- "Victor 0" is die roepsein van die basis gewees, die stabiliseringseenheid-basis. As ek mag verduidelik u edele: in die derde reël het 'n eerste persoon gevra, as ek kan aflei, of iemand dalk vir my kaptein Coetzee in die hande kan kry en hy vra dit vir die tweede persoon. Die tweede persoon sê toe

"Bevestig net vir my roepsein, Tango 2."

Dit is my mening dat hierdie tweede persoon wat vra:

"Bevestig net vir my roepsein, Tango 2."

dat dit dieselfde is as die eerste persoon wat roep:

"Tango 2, Tango 2, Victor 0."

met ander woorde dit is die basis wat vra:

"Bevestig net vir my roepsein..."

en hy gaan dan probeer om my te kontak. Toe... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Ekskuus, ek is nie seker nie. Sê u waar hier staan, of waar die aanduiding hier is, hier is twee persone, die eerste persoon en die tweede persoon in die eerste vyf reëls, is dit eintlik net een persoon? -- Daar is twee persone. Die eerste

persoon/...

persoon soek na my... (tussenbei)

HOF: Ja? -- ...en dan vra die tweede persoon om my op te spoor en dit is my mening dat die tweede persoon "Victor 0" is, die basis. U edele, u sal ook daar sien, die persoon wat as die eerste persoon aangewys is, dan inderdaad roep:

"Tango 2, Tango 2, Victor 0."

Dit is die basis wat dan probeer om my te kontak. Net in die volgende reël dan, die tweede persoon:

""TWEEDE PERSOON: Tango 2 is daar agter, hulle is besig om skietbaadjies uit te deel hierso by Vereeniging onluseenheid."

in reël 10 waar dit eindig. Hieruit lei ek af dat iemand anders, 'n ander voertuig wat besig was om buite te patrolleer, dan inderdaad vir "Victor 0" antwoord en vir hom sê waar ek is.

MNR TAUTE: Kan u dalk vir die hof sê of u uit eie kennis weet van 'n geleentheid wat u skietbaadjies uitgedeel het by Vereeniging onluseenheid en wanneer dit was? -- Dit is inderdaad waarheen my antwoord nou lei u edele. Uit daardie gesprek uit het ek ook in my sakboek op bladsy 31 'n inskrywing gemaak van skietbaadjies, dit is koeëlvaste-baadjies, 'n indeling van watter seksie, watter seksieleier het en hoeveel skietbaadjies hulle ontvang het.

Kan u op grond van wat in u sakboekie staan daarin koppel aan die eie... (onhoorbaar - STEEDS NIE BEHOORLIK IN MIKROFOON) of die skietbaadjies? -- Ja ek kan u edele. Op bladsy 29 van my sakboek het ek daar begin met 'n inskrywing van:

"1992-08-18"

die Donderdag. Daar was 'n inskrywing van -

"19:00"

Kolonel Schutte wat vir ons voorligting gegee het en hy wou

in/...

in sekere gebiede 'n sekere aantal voertuie hê. Ek het toe gegaan en op bladsy 30 'n indeling gedoen van my seksies en waar ek hulle wou pos en op bladsy 31 het ek toe dan, nadat ek die lede voorgelig het, die skietbaadjies uitgedeel en 'n aantekening gemaak van wie kry hoeveel van wat.

U het reeds getuig dat op 17 Junie 1992 was u self en 'n paar van u lede in Welkom, wel in die Vrystaat. Kan u net vir die hof sê, die res van die eenheid wat "Tango 2"-roepseine gehad het, waar was hulle dié dag? -- U edele die "Tango 2"- en "Tango 4"-roepseine was op die 17 Junie laas jaar, was op daardie stadium nog ontplooi gewees in Alexandra, swart woonbuurt.

Kan u vir my blaai na bladsy 26 en 27? U sal sien, as u kyk die laaste sinnetjie op bladsy 26 en die eerste sin op bladsy 27 word daar gepraat of verwys na 'n sekere luitenant Pretorius. Weet u wie hierdie persoon is? -- Dit is die, ja u edele, dit is die pelotonbevelvoerder van die "Tango 4"-groep van voertuie.

Aan watter eenheid is hy verbonde? -- Hy is die eenheidsbevelvoerder van die stabiliseringseenheid in Bochabela in die Vrystaat u edele.

Kan u onthou of enige van die voertuie met nommers of simbole gemerk was? -- Ja u edele, die voertuie was gemerk gewees. Ek het ook 'n inskrywing daarvan gemaak op bladsy 30 van my sakboek.

U kan maar voortgaan kaptein? -- U edele, u sal sien op bladsy 30 van my sakboek het en aan die linkerkant van die kantlyn onder die syfertjie "30" syfers geskryf van "14, 16, 8, 5" en dan 'n "C" en weer "15, 4 CC, CC" tot by "1". Die voertuig wat ons tot ons beskikking gehad het was Njala's en Casspirs/...

Casspirs gewees. Om ons dienste in Alexandra te vergemaklik, want daar was op stadiums tot 20 voertuie op 'n slag aan diens, het ons dan die Njala's, hoofsaaklik die Njala's, met groot plakkers toegerus wat hierdie betrokke nommers waarna ek verwys het opgehad het, sodat 'n mens maklik wys na Njala nommer 14 of nommer 5 en dies meer.

Dankie u edele, ek het nie verdere vrae op die stadium nie.

HOF: Ja mnr Botha?

MNR BOTHA: U edele, mag dit die hof behaag. U edele, die situasie is dat die sakboekie en die afskrifte daarvan eers kort voordat ons begin het aan ons beskikbaar gestel is en dit is ook so dat ek nou ongelukkig nie my kopie van die transkripsie vandag hier beskikbaar het nie en ek sou graag wou kyk daarna, asook na sekere ander aspekte voordat ek 'n aanvang neem met die kruisverhoor van hierdie getuie. Ek meen dat dit onwaarskynlik sou wees dat ek dit vanmiddag sou afhandel. Ek sal dit met respek versoek. Hierdie getuie is, ons het eintlik verwag dat daar 'n ander getuie - gister is ons meegedeel van 'n sekere ander getuie wat by die kommissie getuig het sou getuig het en daarop het ons inderdaad voorberei en ek kon nie voorsien dat hierdie getuie geroep word. Ek versoek 'n uitstel na môre-oggend vir aanvang van kruisondervraging.

HOF: Wat is u posisie kaptein, waar is u tans? -- U edele, ek is tans op afgedeelde diens te Dunnottar daar in die Oos-rand naby Nigel. Dit gaan ietwat dol daar. Sal u môre hier kan wees? -- Dit is in orde u edele.

Ek is jammer, dit is ongelukkig so dat lyk vir my voorheen, spesifiek wat hierdie aspek aanbetref, was hier oorhaastig getuienis by die Goldstone-kommissie aangebied en dit lyk

vir/...

vir my mens moet maar die mense kans gee om behoorlik voor te berei. U sal môre hier kan wees? -- Dit is in orde so u edele.

Ja, die saak sal dan afstaan na môre-oggend tienuur. Vir die inligting van die advokate en die beskuldigdes kan ek miskien net op hierdie stadium vermeld dat hierdie hof in reses is van 4 tot 8 Oktober. As gevolg van versoeke wat ek ontvang het van sowel as die staat- as die verdedigingsadvokate, het ek besluit dat die volgende week na die reses-tydperk, dit is van 11 tot 15 Oktober, hierdie hof ook nie sal sit nie. Wanneer die hof gevolglik op Vrydag, 1 Oktober, verdaag, sal die verdaging wees tot Maandag 18 Oktober.

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

HOF: Die hof sal verdaag tot tienuur môre-oggend.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT 23 SEPTEMBER 1993**

**JOHAN COETZEE, s.o.e.**

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Kaptein, u is seker bewus daarvan dat daar was direk na hierdie voorval in Boipatong bewerings gemaak deur die inwoners dat daar polisiebetrokkenheid was by die aanval? -- Ek is bewus daarvan, ja.

Inderwaarheid het dit ook gelei, hierdie bewerings, meen ek, of deels het dit gelei daartoe dat die Goldstone-kommissie die aangeleentheid ondersoek het en ook spesifiek gekyk het na die kwessie van polisie-betrokkenheid, u is bewus daarvan? -- Ek is bewus daarvan.

Daar het 'n majoor Davidson getuig, namens die polisie, by die Goldstone-kommissie en hy was belas, volgens sy getuienis, by die Goldstone-kommissie met die ondersoek na betrokkenheid van die polisie al dan nie. Is u bewus daarvan? -- Ek is nie seker gewees van die naam nie, ek het nie daardie feite so

tot /...

so tot my beskikking nie.

HOF: Wat is die relevantheid van die ondersoek tans meneer, van daardie ondersoek, voor my? Sal dit u submissie wees dat ek gebonde is aan daardie ondersoek... (tussenbei)

MNR BOTHA: Nee, nee...

HOF: ...of dat die bevindings van die Goldstone-kommissie... (tussenbei)

MNR BOTHA: Nee, hoegenaamd nie u edele. Ek meen ook nie dat daar al 'n bevinding gemaak is in hierdie verband nie. Die getuienis wat egter gelei is daar, sal in my respekvolle submissie relevant wees ten opsigte van sekere aspekte van hierdie getuies.

Kaptein, daar is ook by die Goldstone-kommissie getuienis voorgelê dat daar bande by die interne stabiliteitseenheid was wat beskadig was in die sin daarvan dat die spesifieke relevante gedeelte wat gehandel het met die nag van 17 Junie en spesifiek gedurende die tydperk van tienuur die aand tot ongeveer drie-uur die oggend nie transkribeerbaar is nie. U het seker gehoor daarvan en gelees daarvan in die pers? -- Dit is so ja.

MNR TAUTE: U edele, met respek, so ver my kennis strek is daar geen verband tussen die bande en hierdie getuie nie. Op hierdie stadium blyk hierdie lyn van kruisondervraging irrelevant te wees, tensy daar 'n verband gelê word tussen die getuienis wat my geleerde vriend, die aspek wat my geleerde vriend aanraak en hierdie getuienis, is dit irrelevant en die staat se submissie is dat die getuienis in elk geval nog geroep sal word wat oor die spesifieke aangeleenthede moet getuig.

HOF: Ek verstaan nie mooi wat is die relevantheid nie mnr Botha.

MNR BOTHA: /...

MNR BOTHA: U edele, ek was op die punt om te stel die kwessie van die T2 en die BEWYSSTUK O wat ingehandig is, handel dan ook, volgens die dokument, op die oog af, met 17 Junie en verwys dan na 'n Casspir of 'n voertuig wat T2 is. Dit is, dit is met respek die relevantheid wat ek nou aan die getuie stel.

HOF: Wel, die getuie het reeds gesê dit was nie die 17de nie.

MNR BOTHA: Dit is so u edele, maar ek lê net 'n basis vir sekere vrae wat ek aan hom wil stel in hierdie verband.

HOF: Ja mnr Botha, ek is huiwerig om u toe te laat om op 'n visvangekspedisie uit te gaan. As dit werklik relevant is tot die polisie se aanspreeklikheid of betrokkenheid by die aanval is u welkom, maar ek wil darem sien dat daar 'n verband is.

MNR BOTHA: Ja ek is nie - ek beoog nie om op 'n visvangekspedisie met die getuie te gaan nie u edele. Ek sal weldra by die relevantheid van hierdie aspek uitkom.

HOF: Ja, gaan maar voort.

MNR BOTHA: Soos die hof behaag. Kaptein, die bewering was gemaak deur 'n inwoner van Boipatong by die kommissie dat op die aand van 17 Junie was daar 'n Casspir wat hy gesien het in Boipatong en die Casspir was gemerk met 'n T2. U het seker gehoor van daardie bewering? -- Ja, ek het gehoor van sulke bewerings u edele, maar nie in spesifiekhede soos wat die advokaat dit nou aan my gestel het nie.

Hierdie getuie het beweer dat op die aand van 17 Junie het hy in Boipatong - en hy noem 'n spesifieke straat - 'n Casspir opgemerk en hierdie Casspir was betrokke by die aanvallers in die sin dat hy aanvallers afgelaai het, daar het van die aanvallers uit die Casspir uitgeklim en hy het opgemerk dat die Casspir agterop in groot letter in wit "T2" opgehad het. Dit was die strekking van sy getuienis. Nou ek het gister u

getuienis/...

getuienis verstaan dat die voertuie wat by u seksie of u eenheid, aan u eenheid verbonde is, inderdaad gemerk is? -- Dit is so u edele. Soos ek getuig het was die meeste van die Njala's met plakkers toegerus waarop groot - wit plakkers met rooi syfers op. Dit was slegs syfers gewees "1" tot - ek is nie seker watter getal nie. U edele, as ek net mag vir volledigheid dit vir u kan verduidelik: in Alexandra waar ons met hierdie groot hoeveelheid voertuie gewerk het, was dit moeilik om dan op die SAP-nommer, waarvolgens die voertuig normaalweg geïdentifiseer word, die voertuig vinnig uit te ken en het ons, omdat ons 'n groot vloot Njala's gekry het, hoofsaaklik die Njala's met hierdie plakkers genommer om dit vir die bestuurders makliker te maak om die voertuig waarmee hy gewoonlik werk, uit te ken. In Alexandra was daar ook Casspirs gewees, maar ek kan nie duidelik onthou dat ons hulle ook op dieselfde manier gemerk het nie en ek kan so ook nie onthou of daar 'n voertuig was wat "T2" gemerk was nie. In my sakboek, soos ek gister getuig het, het ek syfers wat die getrokke seksies gehad het ook aangeteken en daarin het ek die Casspir net byvoorbeeld met 'n "C" aangetoon, omdat ek nie seker was of hulle nommers gehad het nie.

Ek verstaan u reg kaptein, u sluit nie die moontlikheid uit dat daar van die Casspirs in die omgewing was wat moontlik met plakkers gemerk was in dieselfde manier as die Njala's nie, met 'n "T2" byvoorbeeld? U kan dit nie heeltemal uitsluit nie? -- U edele, ek sluit dit uit, die advokaat se laaste deel van die vraag waar hy sê met die "T2", dit sluit ek uit, want ons het nie plakkers gehad wat alfabet en syfers gekombineer gehad het nie. Dit was wit plakkers gewees met rooi syfers op, net só. Ek weet nie of daar 'n voertuig ooit was met 'n "T2" nie.

Dit/...

Dit skyn uit die - en u moet my reghelp as ek verkeerd is kaptein, uit die getuienis wat majoor Davidson by die kommissie afgelê het, asof dit wel in die praktyk gebeur dat 'n voertuig soms selfs met die radiosein gemerk word? -- Dit is so u edele, voertuie word van tyd tot tyd gemerk met radioseine of met simbole, sodat hulle uitgeken kan word.

Nou die getuie wat getuig het ten opsigte van die Casspir wat hy gesien het in Boipatong wat gemerk was met 'n "T2", het ook getuig dat hy die volgende dag, dit is die 18dé, dieselfde dag, of die dag na die voorval, dieselfde Casspir weer opgemerk het in Boipatong. U volg wat die strekking van sy getuienis is? -- Ek volg wat die strekking is, maar ek weet... (tussenbei)

Ja, u weet, u, u... (onvoltooid). Ek mag verkeerd wees, jammer, as ek dit verkeerd aan u gestel het, na die voorval, ek is nou nie seker of dit die dag na die voorval of enkele dae na die voorval was nie, het hy weer die Casspir gesien wat gemerk was agterop die deure met 'n "T2". -- Ek kan nie kommentaar lewer... (tussenbei)

Ek net die, ek net die stelling aan u - ek verstaan dat u sê dat u nie kan kommentaar lewer daarop nie? -- Ja, want ek bedoel, ek kan mos nie oor die ander man se getuienis, daaroor iets sê nie, want ek was nie daar nie.

Ja, die rede waarom ek dit aan u stel kaptein is, dat na hierdie voorval was daar wel van u seksie se Casspirs in die omgewing, is ek reg? -- Dit is korrek, na die voorval, op die 18de, was ek en van my voertuie in Boipatong gewees.

Nou kaptein, ek wil u net vra om my te assisteer met die uitwerk wat nou met hierdie bande aangaan. Ek sal u vra om te kyk na die voorvalleboek. Wat is... (onhoorbaar - mnr Botha

en/...

en tolk praat nou ewe hard gelyktydig).

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

MNR BOTHA: As u nou kyk na BEWYSSTUK O, dit is nou die transkripsie, O2. U het dit nou nie voor u nie, dit is net, laat ons dit nou ook maar net voor u kry. Daar is ongelukkig nou net een afskrif beskikbaar vir die hof en ek het een afskrif gekry by die kommissie. As u nou kyk daarna, wat daar voorkom op die eerste bladsy is dat dit verwys na die Boipatong-kassette, 17 Junie 1992, 14:23 tot 14:35 en 19:10 tot 19:59. U sien dit? -- Ek sien dit so u edele.

Nou as u nou kyk... (praat sag, skynbaar met homself) ...na bladsy 3 daarvan, dan verwys dit na, daar is 'n boodskap van ene Jack Tshabalala [gespel Tjabalala in VB]. Hierso omtrent in die middel van die bladsy - u sien dit? -- Goed, ek het dit.

Ek wil u net verwys dan nou ook na die VB-inskrywing, "1103", BEWYSSTUK N1.

HOF: Bewysstuk hoeveel?

MNR BOTHA: BEWYSSTUK N1 u edele, dit is die VB. -- Gee net weer die nommer asseblief?

"1130" En dan is daar 'n kruisverwysing na "1107", u sal na al twee van hulle moet kyk.

Nou wat ek probeer vasstel, u kan nou net kyk weer na die - vergelyk dit nou net weer na die, met BEWYSSTUK O2, die transkripsie en net vir my kyk of u die twee inskrywings in die VB kan koppel aan wat oor die radio gesê is. -- Dit is dieselfde voorval, na my mening... (tussenbei)

Ja dit is die - dit verwys na dieselfde voorval.

Maar nou sit ons so, wat ons ten minste kan doen is ons kan die gedeelte 14, wat getranskribeer is, 14:23 tot 14:35,

die/...

die kan ons inderdaad koppel aan 17 Junie, is ek reg? -- Dit is so, ek stem saam.

En dan op bladsy 5 van die transkripsie is daar nou 'n:

"(geraas in die agtergrond - einde van kasset 1A)"

Dit is op 14:35.

En dan neem die transkripsie weer 'n aanvang by 19:10 en dit is die transkripsie, die gedeelte waaruit u nou gister getuig het, wat u sê op die 18de plaasgevind het. Dit is hier - wel, u is na 'n spesifieke gedeeltes daarvan verwys, maar die ... (onhoorbaar - mompel) op bladsy 25, was u verwys gewees gister in u getuienis, 25, 26, 27. Dit is nou die verwysing na u roepsein "T2"? -- Dit is so.

Nou ek moet vir u sê kaptein, ek het nou gister die geleentheid gehad om deur die voorvalleboek te werk en ook deur hierdie tweede gedeelte en die probleem wat ek het is, dit kan nie aan die 18de gekoppel word in terme van die voorvalleboek nie. U verstaan wat u bedoel? -- Nee, u sal moet uitbrei asseblief.

Wat ek vir u sê is, in terme van dit wat voorkom op die transkripsie en dit wat voorkom in die voorvalleboek, kan 'n mens nie dieselfde koppeling maak as wat ons nou gemaak het in die vorige gedeelte rie. Volg u nou wat ek bedoel? -- Ja, ek volg wat ek bedoel en ek stem met u saam ten opsigte van die eerste gedeelte van die klagte wat u vir my uitgewys het. Ten opsigte van daardie gedeelte stem ek met u saam.

Ja. Ja-nee ek volg wat u bedoel, die eerste gedeelte wat van 14 - tot 14:35 gaan, dit kan 'n mens inderdaad koppel aan die voorvalleboek en jy kan dit koppel aan 'n spesifieke inskrywing in die voorvalleboek waar daar nou 'n soortgelyke

inskrywing/...

inskrywing is as wat op die lug voorkom, of op die transkripsie voorkom. Ek het probleme gehad om dit ten opsigte van die 18de te doen. U verstaan? -- Ek begryp.

HOF: Ek is nie seker dat ek u verstaan nie mnr Botha. Sê u die transkripsie, as dit op die 18de was soos die getuie te kenne gee, korreleer nie met die inskrywings in die voorvalleboek op die 18de nie?

MNR BOTHA: Dit is, dit is inderdaad wat ek sê u edele.

HOF: Is dit u betoog of sê... (tussenbei)

MNR BOTHA: Nee, nee, ek, ek...

HOF: ...sê u dit korreleer wel met die inskrywings op die 17de?

MNR BOTHA: Nee, nee-nee, nee, ek, ek, ek sal nou by die punt kom wat ek wil maak hieromtrent, net, net om duidelikheid vir myself te kry en ook vir die hof daarmee te assisteer. Kaptein, die punt is - en ek moet sê ek kyk nou naarstigtelik na die notas hier. Ek meen ons het dit gister, toe ons dit nou deurgegaan het, ek en my kollegas, opgetel en ek wil u vra om my te assisteer daarmee omdat u nou die taal beter ken en u makliker iets van die aard sal optel. Ek wil u vra om net na te gaan die voorvalleboek-inskrywings van die 19de, 19 Junie en dit gaan u 'n tydjie neem, so ek sal vra net vir 'n verdaging. Ek sal dan ook net weer my notas nagaan om te kyk of ek die getuie kan assisteer. U edele, ek wil nie die hof se tyd nou mors nie. Moontlik kan dit in die teetyd gedoen word en sal ek intussen maar met iets anders aangaan.

HOF: Ja kom ons... (tussenbei)

MNR BOTHA: Kaptein, wat ek u wil vra om gedurende teetyd te doen is net om te kyk na die - dieselfde oefening te doen as wat ons nou gedoen het ten opsigte van die transkripsie van

14:35/...

14:35. U volg wat ek bedoel? Net kyk of u iets kry daar, byvoorbeeld 'n verwysing na 'n adres en dan korreleer met 'n VB-inskrywing op die 19de. U volg wat ek bedoel? -- Ek volg wat u bedoel.

Ek moet u sê dat aanvanklik toe hierdie transkripsie aan ons beskikbaar gestel is was daar natuurlik nou geen manier vir die verdediging om te weet dat hierdie transkripsie wat van die "19:10" waarna u nou gister in u getuienis verwys het, nié verwys na 17 Junie nie. U volg? Want op die transkripsie, of dit wat aan my beskikbaar gestel is, staan daar bo-aan "17 JUNIE". -- U edele, ek is nie... (tussenbei)

Ek, ek verduidelik maar net vir u iets kaptein. -- Nee, nee, ek is nie met u nie, want u het mos die transkripsie gehad van die, van die tydperk - u het gesê nou van 19:00, daardie deel... (tussenbei)

19:10 Ja ek het dit... (onhoorbaar - gelyktydig met getuie wat nog besig is om 'n antwoord te gee) -- ...dit wat ek gis-, wat ek gister oor getuig het wat ek sê wat behoort op die 18de te wees.

Ja, u sê dit moet op die 18de wees. -- Na my mening sê ek ja, dit is reg.

Wat ek net eintlik vir u sê kaptein is, wat tot my beskikking was, was die transkripsie waarop daar bo-op die bladsy ten opsigte van hierdie transkripsie, verskyn "17 JUNIE", so ek was onder die indruk dat dit op 17 Junie plaasgevind het. -- Ek verstaan... (tussenbei)

U volg? Die punt is egter dat - en ek moet vir u sê die beskuldigdes maak nie, hulle ontken dat hulle hoegenaamd betrokke was by die voorval in Boipatong, hulle sê hulle was nie daar nie. U volg dit? -- Ek volg.

Hulle/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.